# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (4/20)*

**(Volg my op Twitter justchad_cga)**

*Justin Chadwick 31 Januarie 2020*

***"The most important thing is to try and inspire people so they can be great at whatever they want to do"***

***Kobe Bryant***

**NGQURA EN PE HOUER TERMINALE BESIG OM VIR SEISOEN 2020 VOOR TE BEREI [Mitchell Brooke]**

TPT wat die groot impak van 2019 besef het, is besig om die Ngqura (NCT) en PE houer terminale (PECT) gereed te kry om te verseker dat sitrusuitvoere vanuit die Oos-Kaap beter bestuur kan word. Massiewe beplanning en werwing van personeel is vanaf Julie 2019 aan die gang, wat intensiewe opleiding deur eksterne konsultante ingesluit het. NCT sal teen Maart 2020 met 8 [agt] "gangs" aan die water - en landkant gereed wees. 'n Bykomende 600 [ses honderd] houer "plug in" punte sal teen 31 April geïnstalleer wees; dit sal bestaan uit 3 [drie] "banks" met "ground slots". 3 [Drie] "reach stackers" en 2 [twee] "straddle carriers" is aangeskaf om by hierdie "banks" te werk. Dit sal verseker dat vraghouers gedurende sekere windperiodes aanvaar kan word waar RTG gewoonlik sou stop. PECT sal teen 31 April 1 [een] skeepskraan en 2 [twee] mobiele hyskrane in plek hê, en dit sal deur 3 [drie] "slangs" aan die water- en landkant bedien word. Die belangrikheid van PECT is dat die SAECS-, MESA- en AMEX-dienste by PECT hanteer kan word om die bottelnekke van skepe by NCT te voorkom. Die CGA en TPT beplan om op 18 Maart 'n voorseisoen werkswinkel in PE te hou. Die bywoning deur pakhuise, koelkamers, houer depots, vervoer kontrakteurs, PPECB, skeepslyne en uitvoerders (of agente) sal van uiterste belang wees sodat geïdentifiseerde inisiatiewe bespreek kan word om te verseker dat gladde vloei van vraghouers na die terminale moontlik sal wees. 'n Uitnodiging sal binnekort uitgestuur word.

**FRUIT LOGISTICA BERLYN**

Volgende week vergader die wêreld se varsprodukte familie by Fruit Logistica in Berlyn vir hul jaarlikse reünie. Dit is so 'n belangrike gebeurtenis op die varsprodukte kalender, 'n wonderlike geleentheid om baie mense op een plek te ontmoet (maar maak seker dat jy jou afsprake voor die byeenkoms in plek kry - dit raak baie besig), te kyk wat ander lande ten toon stel en die nuutste neigings en innovasies in wêreldwye vars produkte te sien. Besoek asseblief Suid-Afrika se lede van die varsprodukte familie in Saal 26, D19 – by die stalletjie is daar altyd 'n gegons soos vriende weer ontmoet.

Suid-Afrika se vrugteprodusente is baie trots op SIZA - die Volhoubaarheidsinisiatief van Suid-Afrika. Plaaswerkers is 'n waardevolle bate van Suid-Afrika se vrugteplase - en SIZA-lidmaatskap verseker etiese produksie van vrugte. Boonop verstaan Suid-Afrika se vrugteprodusente die groot verantwoordelikheid van die bestuur van die omgewing op hul plase. SIZA en Fruit South Africa hou 'n seminaar oor "Ethical and environmental compliance in South African trade". Die seminaar is op 6 Februarie 2020 van 11:00 tot 13:00; lokaal Hub 27, Beta 3. Kom hoor gerus meer oor hierdie wonderlike inisiatief - RSVP Carmen Botes carmen@siza.co.za (sitplekke is beperk).

**CIRAD STATISTIEK**

CIRAD het onlangs hul Sitrus Statistiek Boek uitgereik. Die volgende is die voorste uitvoerders (ton):

EASY PEELERS: Spanje 1 383 000; Turkye 740 000; Marokko 698 000; China 550 000; Pakistan 392 000; **Suid-Afrika 242 000**; Chili 170 000; Peru 159 000; Griekeland 107 000; Israel 88 000

LEMOENE: Spanje 1 560 000; Egipte 1 540 000; **Suid-Afrika 1 168 000**; VSA 512 000; Turkye 459 000; Griekeland 298 000; Marokko 146 000; Italië 106 000

POMELO'S: **Suid-Afrika 271 000**; Turkye 189 000; Israel 68 400; VSA 57 600; Spanje 52 400; Egipte 20 000; Mexiko 16 900; Ciprus 8 502

SUURLEMOENE: Spanje 615 600; Turkye 527 000; **Suid-Afrika 299 380**; Argentinië 268 700; Chili 88 300; VSA 87 600